# MONTIENUUS

'n Nuusblad van die Laerskool Montagu

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 POSBUS / P.O.BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 – FAX: (023) 614 3963 CELL: 0826575236
E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net
www.laerskoolmontagu.za.net

O/B Nr 22 - Jaargang 14 Nr 15 - 3 – 10 Junie 2015


## Uit die kantoor

Die kwartaal het behoorlik verbygevlieg en die laaste sport vir die kwartaal is afgehandel. Dankie aan elkeen van u wat die verskillende aktiwiteite van die kwartaal ondersteun het. Ons het 'n heerlike Montie Sportdag gehad, verskillende ander sportdae, die Montiefruit-projek het uitstekend verloop, en ons sien uit na die Redenaars en Vasvra van Donderdag.

Die leerders kry nou kans om te konsentreer op hul voorbereiding vir die eksamen. Heelwat assesseringsopdragte word nou afgehandel. Dit is daarom belangrik dat leerders getrou skool bywoon en nie onnodig by die huis bly nie.

U het Maandag kennis ontvang van die reëlings vir môre se aktiwiteitsperiode, wat gebruik word vir die Redenaars en Vasvra van die kwartaal. In kort: gr. 1-3 leerders sluit môre (Donderdag) om 13:20 en die **skool sluit vir al die gr. 4-7 leerders môre om 14:35**. Die aktiwiteitsperiode word verskuif na die 2 periodes voor 2^e^ pouse, sodat die grondslagfase ook die intersenfase se Redenaars en Vasvra kan bywoon. Die skooldag vir gr. 4-7 skuif dus 2 periodes aan en daar vind akademiese onderrig plaas in die 2 periodes wat na 2^e^ pouse volg. Die busse en taxi's wag, soos normaalweg tydens sportperiode, tot 14:35 om te vertrek.


Eksamen: Die gr. 7-leerders begin op 10 Junie eksamen skryf. Graad 4-6 begin op 17 Junie eksamen skryf. Skoolure sal vir alle leerders vanaf 10 Junie van 08:00 – 13:00 wees om bus- en taxitye te sinchroniseer. Eksamenreëls word ook aan leerders deurgegee. Die eksamenrooster, asook werksafbakening, is reeds skriftelik aan die leerders deurgegee.

Die netbalbaan/parkeerarea wes van die skoolsaal is ongelukkig nie bedoel om swaar verkeer te dra nie. Voertuie wat skerp draai verniel die baan en daarom moet ons voortaan toegang tot hierdie area beperk. Maak asb. gebruik van die op- en aflaaisone, wanneer u u kind by die skool op- of aflaai. Gebruik asb. hierdie area as 'n deurrysone en nie as parkeerplek nie. Sodoende maak dit die lewe vir almal makliker. Indien u 'n paar minute gaan wag, moet u asb. langs die heining in Du Toitstraat parkeer. Die opvul van die grond op die sypaadjie langs die heining sal binnekort weer aandag geniet.

Die omgewing is heerlik skoon en vars met die heerlike reën wat val. Mag die res van die week vir u vreugde en voorspoed inhou.

Vriendelike groete

Jan Krüger
**Skoolhoof**




Geborg deur:

Montagu
SPAR
023-6143080
goed vir jou

## Wat gebeur gedurende hierdie week:

Woensdag, 3 Jun - Foto's (Indiwiduele- en groepfoto's)

Donderdag, 4 Jun - Gr. 6 en 7 Redenaars, Gr. 4 en 5 Vasvra

Vrydag, 5 Jun - Entrepreneurs (Gr. 5O)
Ankers vir my toekoms: Ek is mededeelsaam
Grondslagfase boeke huis toe
2016 Aansoeke gr. 1 (fase 1 sluit)

Woensdag, 10 Jun - Eksamen begin (Gr. 7)

Vrydag, 12 Jun - Ankers vir my toekoms: Wees vriendelik en bedagsaam
Ope entrepreneurs


Maandag, 15 Jun - SKOOLVAKANSIEDAG

Dinsdag, 16 Jun - JEUGDAG

Woensdag, 17 Jun - Eksamen begin (Gr. 4 – 6)

Vrydag, 19 Jun - Ope entrepreneurs
Ankers vir my toekoms: Ek is behulpsaam

**Welkom aan mnr. Desmond Gous, wat as algemene assistent by die skool aangesluit het. Hy is deel van die CAP-program, waar die staat persone (by gekose instansies) in diens stel en oplei. Ons hoop hy geniet sy dienstyd by ons skool.**



## E K S A M E N R O O S T E R

**- JUNIE 2015 -**

| Dag | Graad 4 - 6 | Graad 7 |
|---|---|---|
| Woensdag, 10 Junie | | LO |
| Donderdag, 11 Junie | | EBW |
| Vrydag, 12 Junie | | GEOG |
| Woensdag, 17 Junie | ENG AD TAAL | HUISTAAL |
| Donderdag, 18 Junie | NWT | WISK |
| Vrydag, 19 Junie | WISK | WET |
| Maandag, 22 Junie | HUISTAAL | ENG AD TAAL |
| Dinsdag, 23 Junie | GESK | TEG |
| Woensdag, 24 Junie | GEOG | GESK |

# Lekker leer !

# Ankers vir my toekoms

## Mei: Woeker vir jou toekoms

### 29 Mei: Selfdissipline as anker

Gr.1: Katelyn Morris, Tasneem Steyn

Gr.2: Nimra Ahmed, Jacquin Mouries

Gr.3: Jana van Rooyen, Weronay Bosman

Gr.4: Caitlin van Wyk, Brayden Baardman

Gr.5: Nienke Strauss, Daniel Lewis

Gr.6: Tiaan Viljoen, Mariva Gertse

Gr.7: Franco Hugo, Tariq Dollie

# Entrepreneurs

Baie geluk aan Philip Olivier (gr.5S), wat as sy klas se entrepreneur-van-die-dag aangewys is.

Bring Vrydag jou geldjies saam
en kom ondersteun die gr. 5O-klas.





# Robertson Voorbereiding Sportdag, 30 Mei 2015



| Rugby | Telling |
|---|---|
| o/7A | Baie geniet |
| o/8A | Wen 1, verloor 1 |
| o/9A | Lekker gespeel |
| o/9B | Verloor 1, gelykop 1 |



| Netbal | Telling |
|---|---|
| o/7A | Wen 1, verloor 1 |
| o/8A | Wen 1, verloor 1 |
| o/9A | Verloor 1, gelykop 1 |

**SKOOLTYE vanaf 10 Junie – 25 Junie:**
**08h00 – 13h00 vir alle leerders.**

## KARATE-NUUS

Baie geluk aan die volgende leerders wat Boland tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe (31 Julie tot 2 Augustus) sal verteenwoordig:

Joël Gordon, Willie-Pieter du Plessis, Ethan Cole, Arno Wright, John Wright, Zindi van Zyl, Anton Jordaan

## LM SKAKEL

Onthou om jou LM Skakel te bestel. Dit kos slegs R5.

Bestellings vanaf 4 Junie tot 12 Junie by jou klasonderwyser.




Geen laat bestellings!

**BRANDY HALL,45 LANG STRAAT, MONTAGU**

# STOEP SALE

SATERDAG 6 JUNIE 2015

8:30-14:00

LAP VANAF R5/M, BLINDS R50 ELK, GLASWARE, KUSSINGS,

VELE MEER - KOM LOER GERUS

082-3735171/023-6143199